NG Kerk Vrystaat

**4 Oktober 2024**

**Geagte broers en susters, gemeentes in die NG Kerk Vrystaat –**

Gister – Donderdag 3 Oktober 2024 – het ons in ‘n Buitengewone Sinode van die NG Kerk Vrystaat by Kopano Nokeng byeengekom; 318 afgevaardigdes uit ons gemeentes van regoor die Vrystaat. Die bedoeling van hierdie vergadering was om ná die afgelope Algemene Sinode 2023, te besluit oor ons verhouding met die breëre NG Kerk-verband in ons land, met die Algemene Sinode (AS) as vergadering, en ook onderling met mekaar hier as ringe, gemeentes, kollegas en medegelowiges in die Vrystaat.

Gister se vergadering het gevolg op ‘n besluit van die Sinode in Maart 2022 om op versoek van ‘n aantal gemeentes duidelikheid te kry oor ons verhouding met die Algemene Sinode, en dit veral ten opsigte van teologiese sake soos ons lees en verstaan van die Bybel, wat ons glo van Christus, ons siening van die Bose, teologiese opleiding en dan spesifiek menslike seksualiteit, die huwelik en selfdegeslagverbintenisse. Ná Maart 2022 het ons deur verskeie gesprekke in gemeentes en ringe gegaan, studiestukke is opgestel en versprei en by streeks-konferensies bespreek; almal kon deelneem, alle standpunte kon gestel word en ís gehoor. Dankie vir die wye deelname regdeur ons streek. Dit het gelei tot verlede jaar – 18 April – se Buitengewone Sinode, waar ons toe besluit het om nie uit algemeen sinodale verband te tree nie, maar om met die AS oor hierdie sake in gesprek te tree. Die uitkoms van daardie gesprek is bekend, ons het die besluite van die AS ontvang en wéér in die Vrystaat bespreek, en besluit om gister dan finale uitklaring te kry oor ons huidige posisie in en verhouding met die AS, asook oor ‘n welwillende weg vir alle gemeentes in die Vrystaat vorentoe. Alle inligting en perspektiewe om hieroor ‘n wyse besluit te kan neem, was vooraf in die Agenda en Bylaes vir afgevaardigdes en gemeentes beskikbaar.

Ons diepste versugting en gebed was dié uit Jakobus 1:5 –

*“Skenk ons dié wysheid van bo, Here”*

Daar was drie voorstelle voor die Sinode: Om in die lig van al bogenoemde uit algemeen sinodale verband te tree (Artikel 37); om ons sinode in twee te verdeel, een binne en die ander dan buite verband; óf om as **een Vrystaatse NG Kerk binne verband met die AS te bly**, op grond van <u>ons eie teologiese identiteit en gereformeerde belydenis</u>, en daarmee ons posisie binne algemeen sinodale verband sterker te definieer. Die Sinode het hierdie derde opsie gekies en u vind die volledige besluit hierby aangeheg.

U sal dit herken as ‘n bevestiging van die teologiese standpunte wat ons verlede jaar in April ingeneem het – oor die Skrif, ons geloofsbelydenis, die bose en teologiese opleiding. U sal ook merk dat oor menslike seksualiteit en die huwelik ons wéér sê waar ons staan, maar dat dit uitgebrei is om in Bybelse lig ‘n enkele stelling oor seksuele identiteit en -oriëntasie in te sluit. Oor selfdegeslagverbintenissie erken ons die verskeidenheid van standpunte in die Vrystaat – wat ons gister ook weer in die vergadering gehoor het – en rig dan daarom ter wille van ons eenheid en ‘n pastorale sensitiwiteit teenoor almal, dié versoek dat leraars nie self sulke verbintenisse sal

bevestig nie. Die laaste deel van gister se besluit, is 'n beroep op die AS om te alle tye te bly by sy taak en funsionering, soos in Artikel 43 uitgespel. Oor die aard en toekoms van die AS gaan ons verder besin en 'n beskrywingspunt hieroor vir die volgende sinode ontwikkel.

Waar laat hierdie besluit van die NG Kerk Vrystaat nou gemeentes wat nie daarmee saamstem?

Eerstens sou ons almal – in gemeentes, kerkrade en as leraars – onsself moes afvra wat presies die waarheid oor ons eie posisie, dié van die NG Kerk Vrystaat en dié van die Algemene Sinode is. En op grond dáárvan dan, of ons regtig nie meer 'n ruimte binne die NG Kerk Vrystaat het om ten volle gemeente te wees nie, *ecclesia completa*? Of ons regtig nie hier aan Christus en sy Woord getrou kan wees nie? Of ons regtig nie vry is om te deel in die roeping van die NG Kerk Vrystaat nie, *"Lig in die duisternis"*?

Indien dít nie kan nie, dan het ons ook gister die gewone kerkordelike weë bespreek: dié van 'n moontlike appél op grond van prosedurele foute of belydenis (na die AS); dié van die nuwe Artikel 32, om by 'n ander amptelike sinode van die NG Kerk in Suider-Afrika in te skakel; en dié van 'n moontlike hergroepering van ringe in die Vrystaat sodat gemeentes wat op grond van hul teologiese oortuiging en bediening nader aan mekaar wil wees, dit kan doen en só 'n tuiste vir hul lewe en bediening kan vind. 'n Allerlaaste uitweg, sou wees om uit die NG Kerk Vrystaat te tree, maar dan op só 'n wyse dat ons ál die kerkordelike reëlings sowel as dit wat deur die gemene reg bepaal word, nagekom het. Hieroor is ons opregte en ernstige pleidooi dus, dat u rustig oor u posisie sal nadink en dan amptelik met die Moderamen sal skakel om in 'n welwillende gesprek 'n weg te vind sodat ons met gewetensvryheid voor die Here, elk ons roeping kan vervul tot Sy eer en die uitbreiding van sy koninkryk.

U sal dus begryp dat hoewel ons nou as Sinode 'n tweede keer besluit het om nie met Artikel 37 uit algemeen sinodaal verband te tree nie en daardie deel van die proses afgehandel is, ons weg vorentoe saam met mekaar oor verskeie van die inhoudelike sake in gister se besluit, tog oop lê. Ons het besluit om mekaar nie te los nie, om sáám te reis. Dít wil ons in die gees van Christus en die wysheid soos deur Jakobus beskryf, met u deel:

*"… die wysheid van bo is in die eerste plek suiwer, en verder ook vredeliewend,*
*bedagsaam, inskiklik, vol deernis en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins.*
*En die vrug van geregtigheid word in vrede gesaai vir hulle wat vrede maak."*
(Jakobus 3:17-18)

Christus is daardie wysheid, Christus is ons vrede, in Hóm lê ons versoening.

Ons groet u daarom met die woorde van Lied 269 wat ons gister aan die einde ook gesing het:

*"God bly met u, waar u ook mag gaan.*
*Mag sy Gees u lei en heilig*
*en u altyddeur beveilig.*
*God bly met u, waar u ook mag gaan."*

**Ds. Jan Lubbe**
**Voorsitter: Moderamen.**